USB
Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool
University of Stellenbosch Business School

USB agenda
University of Stellenbosch Business School
Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool
Learning • Linking • Leading
Leer • Skakel • Lei

Waarom leiers moet vergewe

Publikasie: USB Agenda
Datum: Oktober 2013

Al het families en gemeenskappe ontwikkel om op die krag van vergifnis staat te maak om geskille en konflik te hanteer, bly die hulpmiddel onderontwikkel in sakekonflikte, skryf **Bongani Mgayi** – 'n sakestrateeg en konsultant wat by die USB se reklame en sosialebetrokkenheidsinisiatiewe betrokke is.

Ons onthou daardie gewelddadige dae. Die nuusverslae in die 1980's en 1990's was vol foto's van minibus-taxi's wat afgebrand is tydens die vete tussen mededingende taxiverenigings.

Vandag kos 'n Toyota Quantum-minibus sowat R305 000. Taxi-eienaars betaal 'n rentekoers van tot 36% en dit kos hulle sowat R11 000 per maand pleks van die sowat R6 280 per maand wat verbruikers teen prima koers betaal. Die versekeringspremies is net so hoog omdat versekeraars die taxibedryf as 'n hoë risiko beskou. Dit is die prys van jare se gewelddadige mededinging in die taxibedryf.

In die artikel *The Art of Forgiveness: Differentiating Transformational Leaders* (2013) het Manfred Kets de Vries die impak van die leierskapstappe van Nelson Mandela en Robert Mugabe op hul lande gejukstaponeer: "In plaas van grootmoedigheid, matigheid en vergifnis [soos deur Mandela gedemonstreer], het Mugabe bitterheid, wraakgierigheid, woede en haat gekies. Gevolglik het Zimbabwe 'n land met 'n verwoeste ekonomie geword, bewoon deur burgers wat 'n ellendige en vreesbevange lewe lei en deur verskriklike menseregtemisbruik bedreig word.

"Werklike transformasionele leiers is uiters bewus van wat dit kos om 'n wrok teen iemand te koester. Hulle herken die verwoesting wat deur 'n onversoenlike houding geskep word. Uitsonderlike, transformasionele leiers erken dat om 'n wrok te hê 'n vorm van vertraagde ontwikkeling is; dit hou mense terug."

Ziphilele Capuka, voorsitter van die Cape Amalgamated Taxi Associations (CATA), vertel: "Ons het met gewere voor in die paneelkissie rondgery, maar jare se geweld het niks bereik nie." Vusumzi Miselo, voorsitter van die Cape Organisation for a Democratic Taxi Association (CODETA), deel hierdie gevoel. "Ons het vandag baie weduwees en kinders sonder ouers."

Die twee voorsitters het op 4 Maart 2012 die skare toegespreek wat by Nyanga se taxistaanplek byeengekom het. CATA en CODETA, die twee mededingende taxi-verenigings, het die gemeenskap genooi om te kom kyk hoe hulle mekaar om vergifnis vra en hoe hulle die besluit neem om nooit weer geweld te gebruik om hul geskille op te los nie.

Die taxileiers het besluit om mekaar te vergewe sodat die bedryf vreedsaam met sy werk kan voortgaan.

Vergifnis is die staking van die reg om weerwraak te neem; om 'n gevoel op te gee, soos weersin, of 'n eis om wraak of vergoeding. Vergifnis kan 'n verhouding wat deur 'n wandaad verbreek is, hervestig of hervat.

Die Amerikaanse uitruilstudent Amy Biehl is wreedaardig deur vier jong mans van die Pan African Student Organisation in Gugulethu, 'n Kaapse township, vermoor. Die mans, tussen die ouderdomme van 18 en 22, is skuldig

bevind aan die moord op Biehl en is tot 18 jaar tronkstraf gevonnis. Hulle het vir amnestie aansoek gedoen ingevolge voorwaardes van Artikel 18 van die Wet op die Bevordering van Nasionale Eenheid en Versoening. Hulle het ná vyf jaar in die tronk amnestie ontvang en hulle is vrygelaat (Waarheid- en Versoeningskommissie, 28 Julie 1998).

In sy toespraak aan die Amnestiekomitee het Amy Biehl se pa gesê: "Ons besef as hierdie proses nie 'n vooraf-onderhandelde voorwaarde was nie, jul demokratiese vrye verkiesings glad nie sou kon plaasvind nie. Omdat ons, net soos Amy, in die absolute noodsaaklikheid van daardie demokratiese verkiesings glo, ondersteun ons onbeskaamd die proses wat ons as ongehoord in die kontemporêre geskiedenis van die mens beskou."

"Terselfdertyd sê ons vir julle dit is jul proses, nie ons s'n nie. Ons kan dus nie amnestie teenstaan as dit op meriete toegestaan word nie. In die ware sin is dit vir die gemeenskap van Suid-Afrika om sy eie mense te vergewe en dit het sy grondslag op die tradisies van ubuntu en ander beginsels van menswaardigheid."

Amy Biehl se ouers het die Amy Biehl-stigting op die been gebring ter nagedagtenis van hul dogter en die doel waarvoor sy geleef het. Hulle het gekies om nie 'n wrok te koester of regres te soek nie, maar liewer die stigting tot stand te bring om jongmense te dien van dieselfde gemeenskap waar hul dogter vermoor is.

Suid-Afrika, soos baie ander oorgangsdemokrasieë, moet met die nalatenskap van sy gewelddadige geskiedenis saamleef. Die politieke leiers van die vryheidsbeweging en nuwe magsagente het voor 1994 'n geleentheid vir regspleging gehad vir die leed wat aan hulle gedoen is. Maar om munt te slaan uit die voordele van 'n 'reënboognasie' moes die land leer om saam te werk. Diversiteit en die aandrang op transformasie in die werkplek het daartoe gelei dat slagoffers en skuldiges kantore gedeel het en saamgewerk het om 'n gemeenskaplike sakestrategie te bereik.

Soos Kets de Vries dit stel: "Om vir hul mense energie te kan gee, moet werklik doeltreffende leiers vrede hê met hulself en ook met die gebeure wat vroeër en vandag in hul lewe afspeel. Dit sluit in om ander te vergewe vir oortredings en om nie wrokke te koester nie. As ons wrokke laat vaar, bou ons medewerking, verminder ons konflik en stel ons soveel opgekropte energie vry wat gebruik kan word om lande, instansies, organisasies, spanne en individue vorentoe te laat beweeg."

In die artikel *The Political Economy of Forgiveness* (7 September 2010), skryf Boettke en Coyne: "Ons redeneer nie dat dit nooit voordelig is om geregtigheid na te streef nie. Daar is dikwels netto voordele om geregtigheid na te streef vir onregte uit die verlede. Dit is egter belangrik om te besef dat om hulpbronne in die administrasie van geregtigheid te belê, beteken dat daardie hulpbronne nie vir ander oorgangsaktiwiteite, wat in die toekoms talle voordele kan inhou, gebruik kan word nie. Met ander woorde, daar is 'n geleentheidskoste verbonde aan die belegging van hulpbronne in die administrasie van geregtigheid."

Die vertaalde Latynse gesegde, *Si vis pacem, para bellum*, lui: As jy vrede wil hê, moet jy vir oorlog voorberei. Diegene wat saamstem, glo dat vrede of oorwinning slegs behaal kan word as jou strategie intimidasie en 'n geveg insluit.

Dr Dion Forster, uitvoerende komiteelid van Unashamedly Ethical en die EXPOSED-teenkorrupsieveldtog, sê: "Daar is definitief 'n direkte verbintenis tussen vergifnis en die ekononomie. Of dit nou die internasionale koste van wapentuie is om in die Midde-Ooste 'vrede te bewaar' of die koste van geld wat uit die Wes-Kaapse onderwysbegroting geneem is om vir gemeenskapspolisiëring in Manenberg te betaal sodat kinders skool toe kan gaan. Om vrede deur vergifnis te fasiliteer, maak ekonomiese sin. Daarby lei dit tot baie positiewe sosiale gevolge."

Volgens advokaat Murray Bridgman, litigasieprokureur en lid van die Kaapse Balie, "kry Alternatiewe Dispuutbeslegting momentum as 'n beter manier om konflik op te los. As 'n baie rowwe aanduiding kan dit sowat R300 000 kos om te prosedeer, mits die saak redelik eenvoudig is. Daarby is dit baie moeilik die bevel af te dwing as 'n verstekvonnis uitgereik is.

"Dit maak sin om te skik of om tot 'n ooreenkoms te kom. Hierdie vorm van vergifnis en om jou regte te laat vaar, lei tot die hervestiging van vertroue."

Ten slotte sê Bridgman: "Kyk na hierdie voorbeeld van 'n onderneming wat pype aan die munisipaliteit verskaf. Iemand in die rekeninge-afdeling mors die dokumentasie op en die faktuur bly onbetaald ongeag talle waarskuwings en eise vir betaling. Wat is nou die beste: Om jou prokureur opdrag te gee om die verskaffingsketting-bestuurder vir drie dae in die hof oor sy onbevoegdheid sleg te sê of om tot 'n ooreenkoms oor die rekening se betaling te kom terwyl julle steeds voortgaan om met die munisiplaiteit sake te doen?"

Suid-Afrika bekend is vir sy vermoë om dispute en konflikte vreedsaam op te los. Tóg het die toepassing van moderne onderhandelings- en bemiddelingspraktyke op siviele en kommersiële dispute agterweë gebly terwyl hierdie praktyke met groot sukses in onder meer gemeenskaps-, familie- en arbeidsdispute gebruik is.

Die Afrika-Sentrum vir Dispuutbeslegting (ACDS) by die USB het homself geposisioneer as 'n katalisator en denkleier in die ontwikkeling van die teorie en praktyk van bemiddeling in al sy vorms, met spesiale klem op konflikte waarby ekonomiese spelers betrokke is.
Sien www.usb.ac.za/disputesettlement/.

Aanhalings:

Boettke, P J & Coyne, C J. 2010. The Political Economy of Forgiveness. *Society, Forthcoming*. Beskikbaar by SSRN: http://ssrn.com/abstract=911655

Bosco, D. 2013. The price of peace. Beskikbaar by Foreign Policy: http://www.foreignpolicy.com/articles/2013/05/29/how_much_are_un_peacekeepers_worth.

Kets De Vries, MFR. 2013. The Art of Forgiveness: Differentiating Transformational Leaders. Beskikbaar by INSEAD: http://www.insead.edu/facultyresearch/research/doc.cfm?did=52275

Grimmett, RF & Kerr, PK. 2012. Conventional Arms Transfers to Developing Nations, 2004-2011. Beskikbaar by: http://www.fas.org/sgp/crs/weapons/R42678.pdf

Underhill, G. 2013. Gangs in Cape Town: a daily dance with death. Mail & Guardian. Beskikbaar by: http://mg.co.za/article/2013-08-22-gangs-in-cape-town-a-daily-dance-with-death

Verklaring deur die Waarheid- en Versoeningskommissie oor amnestie na aanleiding van die moord op Amy Biehl. Waarheid- en Versoeningskommissie, 28 Julie 1998.

Enige kommentaar oor hierdie artikel? Om kommentaar te lewer, kliek hier of gaan na die USB se Thoughtprint-webwerf.